

## KWARTAALLIKSE EKONOMIESE OORSIG

### OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

- (1) Gedurende die eerste vier maande van 1965 het die totale monetêre vraag na goedere en dienste in Suid-Afrika aangehou om teen 'n oormatige koers te styg sodat die seisoensaangesuiwerde groothandels- en verbruikersprysindekse verder gestyg het en aansienlike druk weer eens op die lopende rekening van die betalingsbalans uitgeoefen is.
- (2) Terwyl die totale besteding op die bruto volksproduk en op die invoer steeds sterk toegeneem het, was daar egter sekere veranderings gedurende die eerste kwartaal in sy vernaamste komponente wat daarop gedui het dat die sikiiese oplewing na meer as drie-en-'n-half jaar uiteindelik begin neig het om meer gelyk te verloop. Terwyl belegging in voorrade en openbare vaste belegging byvoorbeeld buitengewoon groot toenames getoon het, was 'n duidelike tendens tot 'n meer gelykmatige verloop merkbaar in private vaste kapitaaluitgawes, private verbruik en lopende owerheidsbesteding, terwyl die uitvoer van goedere en dienste in werklikheid gedaal het.
- (3) Gegewe die toestand van feitlik volledige, indien nie oor-volleldige, besetting wat in die volkshuishouding geheers het, was een van die vernaamste gevolge van die oormatige kapitaal- en verbruiksbesteding 'n volgehoue hoë peil in die invoer van kapitaalgoedere, grondstowwe en verbruiksgoedere. Aangesien die goedere-uitvoer merkbaar gedaal het, terwyl die netto goudproduksie weinig verandering getoon het, het die lopende rekening van die betalingsbalans derhalwe 'n aansienlike tekort gedurende die eerste vier maande van 1965 getoon. Daarbenewens was daar 'n netto uitwaarde beweging van private kapitaal gedurende hierdie tydperk, sodat die goud- en buitelandse valutareserwes, ondanks redelik groot netto offisiële lenings wat in die buiteland aangegaan is, 'n aansienlike verdere daling getoon het.
- (4) Die volgehoue neiging tot inflasionele oor-belegging en oor-verbruik in die volkshuishouding gedurende die eerste vier maande van 1965 was ongelukkig vergemaklik deur 'n aansienlike verdere uitbreiding van handelsbankkrediet aan die private sektor. Dit was die vernaamste rede waarom die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto volksproduk,

- ondanks die aansienlike tekort in die betalingsbalans, nie betekenisvol verander het vanaf die ietsonderlik hoë peil van 35 persent waarop dit gedurende die tweede helfte van 1964 gestaan het nie. Hoewel op 'n baie kleiner skaal as die handelsbanke, het verskeie ander bankinstellings ook in 'n mate tot die oormatige peil van totale besteding gedurende hierdie tydperk bygedra.
- (5) Gedurende die eerste kwartaal van 1965 het die meeste korttermynrentekoerse, insluitende die skatkiswisselkoers en feitlik alle depositokoerse, 'n opmerklike verdere opwaartse neiging getoon, hoofsaaklik vanweë die volgehoue betalingsbalanstekort en die abnormale styging in die vraag na krediet. Vanaf 22 Maart het die monetêre owerhede egter 'n stel maksimum depositokoerse vir bankinstellings en bouverenigings ingestel, terwyl die skatkiswisselkoers, nadat dit 'n hoogtepunt van 4.11 persent op 26 Maart bereik het, tot 3.84 persent op 7 Mei gedaal het voordat dit weer tot 4.01 persent op 4 Junie gestyg het.
  - (6) Toestande in die kapitaalmark het gedurende die eerste vier maande van 1965 geneig om geleidelik te vernou. Nadat hulle tot 'n nuwe rekordhoogte in Februarie gestyg het, het nywerheids- en handelsaandele-pryse geneig om te daal, terwyl goudmynaandelepryse meer gelyk verloop het. Verder, as gevolg van opwaartse druk op die koerse vir prima-effekte, het die Reserwebank twee verdere stygings in sy stel koerse vir staatseffekte gedurende hierdie periode aangebring wat die koers vir effekte met 'n uitstaande looptyd van meer as  $10\frac{1}{2}$  jaar, tot  $5\frac{1}{2}$  persent verhoog het. Terselfdertyd het die bouverenigings 'n vergrote vraag na hul verbandlenings ondervind tesame met 'n verlaagde invloeiing van nuwe fondse.
  - (7) Na die verskeie disinflasionele maatreëls wat op 5 Maart aangekondig is, het die monetêre owerhede die likwiditeitsvoorskrifte vir handelsbanke in drie stadiums van 2 persent elk verder verhoog tot die maksimum van 40 en 30 persent onderskeidelik vir kort- en middeltermynverpligtings. Daarbenewens het die Reserwebank boetekoerse gekwoteer vir akkommodasie aan sekere bankinstellings. Soos verwag is, het die beperkende monetêre maatreëls nie onmiddellik 'n uitwerking gehad nie en bankkrediet aan die private sektor het voortgegaan om tot aan die einde van April te styg.

## NASIONALE REKENINGE<sup>1</sup>

*Voortgesette styging in die bruto volksproduk, maar belangrike veranderings in bestedingsneigings*

Dit wil voorkom asof die *reële* bruto volksprodukt gedurende die eerste kwartaal van 1965 teen ongeveer dieselfde jaarlike koers as gedurende die vorige jaar gestyg het, naamlik met ongeveer 6½ persent.<sup>2</sup> Terselfdertyd was daar egter sekere veranderings in die vernaamste komponente van totale besteding wat daarop gedui het dat die sikliese ekonomiese oplewing na meer as drie-en-'n-half jaar uiteindelik begin neig het om gelyk te verloop.

### *Neiging van private vaste kapitaalbesteding om gelyk te verloop*

Een van die belangrikste uitgawe-tendense gedurende die eerste kwartaal was 'n duidelik waarneembare neiging in private kapitaalbesteding om gelyk te verloop. Hoewel vaste belegging in

die handel, landbou en private vervoorwese voortgegaan het om te styg, was hierdie toenames meer as vergoed deur matige dalings in vaste kapitaaluitgawes in die fabriekswese, mynwese en woongeboue.

### *Skerp styging in openbare vaste belegging*


In teenstelling met die neiging wat private vaste kapitaaluitgawes getoon het om meer gelyk te verloop, het openbare vaste belegging gedurende die eerste kwartaal aansienlik gestyg, hoofsaaklik vanweë 'n toename in die kapitaalbesteding van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens. Totale vaste belegging het gevvolglik 'n aansienlike verdere toename tot 'n nuwe rekordhoogte getoon en, soos gedurende die vorige twee kwartale, weer bygedra tot die algemene oorbesteding in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gedurende hierdie tydperk.

### *Aansienlike toename in belegging in voorrade*

Nog 'n betekenisvolle verskynsel in die nasionale rekeninge gedurende die eerste kwartaal van 1965 was die aansienlike verdere styging in totale voorrade. Hierdie toename, die grootste sedert kwartaallike voorraadsyfers in 1960 beskikbaar gekom het, was hoofsaaklik veroorsaak deur 'n skerp styging in nywerheids- en handelsvoorraad. Klaarblyklik het baie sake-ondernemings op daardie stadium nog 'n verdere (inflasionistiese) styging in monetêre vraag en/of 'n verskerping van invoerbeheer verwag. Hierdie styging in die belegging in voorrade, wat in 'n groot mate deur nuwe bankkrediet gefinansier is, het natuurlikerwys aansienlik bygedra tot die heersende druk op die prys- en loonpeil en die betalingsbalans.

### *Gelykmatige verloop in private verbruik*

'n Verdere aanduiding dat die oplewing moontlik geneig het om meer gelyk te verloop was die feit dat hoewel private verbruik gedurende die eerste kwartaal op 'n uitsonderlik hoë peil gebly het, dit nie enige betekenisvolle styging getoon het nie. Die seisoensaangesuiwerde indeks van kleinhandelsverkope het selfs gedaal tot benede die peil wat in Desember 1964 bereik is. Verkope van duursame verbruiksgoedere, wat gedurende 1963 en 1964 onderskeidelik met 21 en 24 persent gestyg het, het veral geneig om meer gelyk te verloop en in sommige gevalle inderdaad gedaal gedurende die eerste kwartaal van 1965. Die seisoensaangesuiwerde indeks van motorvoertuigverkope het byvoorbeeld die dalende tendens wat 'n aanvang geneem het nadat 'n abnormale hoogtepunt in die derde kwartaal van 1964 bereik is, voortgesit.



- 1) Die ontleding in hierdie afdeling van die oorsig is in hoofsaak gebaseer op die Reserwebank se kwartaallike ramings van die nasionale rekeninge, *na uitskakeling van die seisoensinvloed*. Aangesien hierdie kwartaallike syfers tans nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding tot die beskrywing van algemene neigings beperk.
- 2) Dit is 'n hersiene syfer vir 1964 wat laer is as die voorlopige raming wat in die Maart-uitgawe van hierdie *Kwartaalblad* gegee is. Sien die *Oorsig van die Nasionale Rekeninge vir 1964* deur B. P. Groenewald in hierdie uitgawe vir verdere besonderhede.

### Gelykmatige verloop in lopende owerheids-besteding

Soos in die geval van private verbruik, het die lopende besteding van die Regering en ander owerheidsliggome, wat aansienlik toegeneem het vanaf die begin van 1961 tot die derde kwartaal van 1964, 'n besliste neiging gedurende die eerste kwartaal getoon om meer gelykmatig te verloop.

### *Uitvoer van goedere en nie-faktor-dienste (insluitende goud)*

Ten slotte het die uitvoer van goedere en nie-faktor-dienste, nadat dit gedurende elk van die vorige agt kwartale gestyg het, redelik skerp gedurende die eerste kwartaal van 1965 gedaal, hoofsaaklik vanweë 'n afname in die uitvoer van landbouprodukte as gevolg van ongunstige weers-toestande.

### Toename in bruto binnelandse besparing

Na 'n geringe herstel gedurende die vierde kwartaal van 1964, het bruto binnelandse besparing nogal opmerklik gedurende die eerste kwartaal van 1965 gestyg. Bowendien het hierdie toename nie slegs bestaan uit stygings in korporatiewe besparing, voorsiening vir waardevermindering en die lopende oorskot van owerheidsliggome nie, maar ook uit persoonlike besparing, wat aansienlik gedurende 1963 en 1964 gedaal het.

## PRODUKSIE EN WERKGELEENTHEID

### Fabrieksproduksie en -indiensneming

Hoewel die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie (1958=100) 'n peil van 166.5 in Februarie bereik het, vergeleke met 155.4 'n jaar vroeër, het sy bewegings gedurende die tweede helfte van 1964 en die eerste twee maande van 1965 die indruk bevestig dat, met die volkshuishouding in 'n toestand van feitlik volledige besetting, fabrieksproduksie geneig het om stadiger te styg as gedurende die vroeëre stadiums van die oplewing.

### Konstruksiebedryf steeds onder druk

Soos gedurende die vorige kwartaal, het die konstruksiebedryf weer eens onder aansienlike druk gedurende die eerste kwartaal in 1965 gewerk, en die seisoensaangesuiwerde indeks van die waarde van „bouplanne goedgekeur” (1958=100), wat reeds die baie hoë peil van 219 gedurende die vierde kwartaal van 1964 bereik het, het verder tot 273 gedurende die eerste kwartaal van 1965 gestyg.

### Afname in vaste eiendomstransaksies

Nadat 'n hoogtepunt van 277 in Desember 1964 bereik is, vergeleke met 87 in Desember 1961, het die seisoensaangesuiwerde indeks van die waarde van vaste eiendomstransaksies tot 219 in Februarie gedaal.

### Geregistreerde werkloses

Die aantal geregistreerde werklose Blanke, Kleurlinge en Asiate het soos gewoonlik 'n geringe seisoenale styging gedurende Januarie getoon, gevolg deur 'n geringe afname in Februarie en Maart en het in die laasgenoemde maand slegs 12,142 beloop.

### PRYSE


Ondanks die voortgesette druk van vraag op die beskikbare hulpbronne, het sowel die groot-handels- as die verbruikersprysindeks, *na aansuiwering vir die seisoensinvloed*, teen ietwat laer jaarlikse koerse gedurende die periode Januarie tot April 1965 gestyg as gedurende die tweede helfte van 1964. So het die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks, wat teen 'n jaarlikse koers van 4.5 percent gedurende die tweede helfte van 1964 gestyg het, teen 'n jaarlikse koers van slegs 3.6 percent gedurende Januarie tot April toege-neem, die netto resultaat van redelik groot stygings in die prys van fabrieks- en mynprodukte en 'n afname in die prys van landbouprodukte. Op dieselfde wyse het die jaarlikse koers van toename van die aangesuiwerde verbruikersprysindeks van 4.6 percent gedurende die tweede helfte van 1964 tot 3.2 percent gedurende die tydperk Januarie tot April 1965 gedaal. Hierdie koerse van toename was nietemin nog aansienlik hoër as dié wat gedurende die eerste drie jaar van die huidige ekonomiese oplewing aangeteken is.

### BETALINGSBALANS

#### *Aansienlike tekort op lopende rekening*

Gedurende die eerste kwartaal van 1965 is die betalingsbalans in lopende rekening, net soos gedurende die tweede helfte van 1964, weer die swaarste getref deur die voortgesette inflasionistiese oorbesteding op sowel kapitaal- as verbruiksgoedere en het die werklike lopende tekort met ongeveer R35 miljoen tot R57 miljoen toegeneem. Selfs nadat daar vir die normale seisoensagteruitgang in die lopende rekening gedurende hierdie tydperk voorsiening gemaak is, bedra hierdie tekort nog ongeveer R47 miljoen, wat beteken dat dit gelyk was aan 'n jaarlikse koers van R188 miljoen, vergeleke met jaarlikse koerse van R116 miljoen en R188 miljoen gedurende die derde en vierde kwartale van 1964 onderskeidelik.

As gevolg van die oormatige koers van toename in die totale besteding, soos onder andere weerspieël word in die aansienlike opbouing van voorrade, is kapitaalgoedere, grondstowwe en verbruiksgoedere vanaf die buiteland ingevoer teen 'n jaarlikse koers, na aansuiwering vir die seisoensinvloed, van ongeveer R1,700 miljoen, terwyl die goedere-uitvoer, veral van landbouprodukte, merkbaar afgeneem het en die netto goudproduksie min verander het.



#### Netto uitvloeiing van private kapitaal

Bykomstig tot die groot lopende tekort was daar ook 'n netto uitvloeiing van private kapitaal (met insluiting van weglatings en foute in die betalingsbalansramings) van soveel as R26 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Dit was hoofsaaklik die resultaat van 'n netto repatriasie uit Suid-Afrika van ongeveer R12 miljoen van onregstreekse buitelandse beleggings, met inbegrip van korttermyn- en handelskrediete, en beleggings van meer as R5 miljoen in die buitenland deur inwoners van Suid-Afrika, wat 'n netto invloeiing van R2 miljoen in die vorm van buitelanders se regstreekse beleggings in Suid-Afrika en 'n netto invloeiing van ongeveer R1½ miljoen deur buitelanders se aandele-transaksies op die Johannesburgse Effektebeurs, meer as uitgekanselleer het.

#### Trekkings op offisiële buitelandse lenings

Alhoewel die Regering meer as R9 miljoen op buitelandse lenings terugbetaal het, het offisiële kapitaalbewegings 'n netto invloeiing van soveel as R36 miljoen gedurende die eerste kwartaal getoon. Dit is in hoofsaak moontlik gemaak deur trekkings deur die Regering van meer as R20

miljoen op lenings van Amerikaanse banke en ongeveer R14 miljoen op 'n lening van Duitse banke. Bewegings in handelsbankfondse en ander korttermyn offisiële kapitaal was vir 'n verdere netto invloeiing van ongeveer R10 miljoen verantwoordelik.

#### Verdere agteruitgang in betalingsbalans gedurende April

Gedurende April het die lopende rekening van die betalingsbalans 'n verdere merkbare verswakkung ondergaan. Die invoer het, na uitskakeling van die seisoensinvloed, toegeneem tot 'n jaarlikse koers van ongeveer R1,800 miljoen terwyl die goedere-uitvoer, die netto goudproduksie en onsigtbare betalings en ontvangste nie belangrik verander het nie. Die resultaat was 'n lopende tekort van meer as R30 miljoen vir dié maand alleen. Daarby wil dit voorkom asof daar 'n verdere klein netto uitvloeiing van private kapitaal was sonder enige belangrike in- of uitvloeiing van offisiële en bankkapitaal, sodat die betalingsbalans in geheel 'n groter tekort as die lopende rekening op sigself getoon het.

#### Voortgesette afname in goud- en buitelandse valutareserwes

As gevolg van die betalingsbalansneigings wat hierbo bespreek is, het die totale goud- en buitelandse valutareserwes wat deur die Reserwebank, die handelsbanke en die Regering gehou word met R47 miljoen gedurende die eerste kwartaal en 'n verdere geraamde R44 miljoen gedurende April afgeneem tot R397 miljoen aan die einde van April. Hierdie syfer was R186 miljoen laer as die hoogtepunt van R583 miljoen vir die einde van 'n maand wat in Januarie 1964 bereik is.

Gedurende Mei het die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserwes met 'n verdere R28 miljoen tot R354 miljoen aan die einde van die maand afgeneem. In daardie stadium was die totale reserwes waarskynlik in die omgewing van R370 miljoen.

### MONETÈRE EN BANKTOESTAND

#### Geld en kwasi-geld

Ondanks die aansienlike daling in die goud- en buitelandse valutareserwes en 'n toename van R128 miljoen in Regeringsdeposito's as gevolg van die seisoensbewegings van belasting- en ander fondse vanaf die private sektor na die Regering, het die totale voorraad geld en kwasi-geld wat deur die private sektor aangehou is in werklikheid gedurende die eerste kwartaal van 1965 met R85 miljoen toegeneem. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n verdere toename van R192 miljoen in krediet wat deur die banksektor verleen is, naamlik R76 miljoen aan die Regeringsektor en

R116 miljoen aan die private sektor. Laasgenoemde syfer was in werklikheid die hoogste kwartaallikse syfer van sy soort wat gedurende die huidige oplewing tot dusver aangeteken is.

Met ander woorde, net soos gedurende elke kwartaal van die voorafgaande jaar is die natuurlike disinflasionistiese uitwerking van die groot tekort op die betalingsbalans op die likwiditeit van die private sektor deur die skepping van nuwe likwiditeit deur die bankstelsel teëgewerk. Die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto volksproduk het gevoldlik nie beduidend vanaf die buitengewoon hoë peil van meer as 35 persent waarop dit gedurende die tweede helfte van 1964 gestaan het, verander nie. Die inflasionistiese druk in die volkshuishouding is dus nog steeds deur 'n klimaat van oorvloedige likwiditeit aangewakker.

Selfs die aansienlike daling in die goud- en buitelandse valutareserves gedurende April was nie voldoende om die opwaartse beweging in geld en kwasi-geld te stuit nie, aangesien bankkrediet aan die private sektor 'n aansienlike verdere toename getoon het terwyl Regeringsdeposito's gedurende daardie maand met R98 miljoen afgeneem het.

#### *Aansienlike verdere styging in diskonteringe en voorskotte van handelsbanke*

Die voortgesette styging in krediet wat gedurende die eerste kwartaal deur die banksektor aan die private sektor verleen is, word grotendeels deur die bedrywighede van die handelsbanke verklaar. Gedurende hierdie tydperk het hul diskonteringe en voorskotte met R97 miljoen of 8 persent toegenem, teenoor R104 miljoen of 9.4 persent gedurende die vierde kwartaal van 1964. In April het die handelsbanke, ten spyte van die feit dat verskillende beperkende maatreëls intussen deur die Reserwebank toegepas is, hul diskonteringe en voorskotte verder uitgebrei met ongeveer R30 miljoen, waardeur die totale toename daarin sedert die einde van 1963 op R473 miljoen of 55 persent en die totale toename sedert die laagtepunt van Oktober 1962 op R628 miljoen of 89 persent te staan gekom het.

Alhoewel dit as gevolg van die seisoensverskuiwings van belasting- en ander fondse na en vanaf die Regeringsektor geskommel het, het die likwiede bates (nuwe definisie) van die handelsbanke vanaf R608 miljoen aan die einde van Desember 1964 tot R555 miljoen aan die einde van April gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die aansienlike tekort op die betalingsbalans gedurende hierdie tydperk. Uitgedruk as 'n persentasie van die banke se *totale* verpligtings teenoor die publiek,




het hierdie likwiede bates tussen hierdie twee datums vanaf 30.9 tot 28.7 persent afgeneem. Hierdie daling sou groter gewees het indien die Regering se 3% 1958/68-lening, waarvan die banke op daardie stadium ongeveer R21 miljoen in besit gehad het, nie gedurende Maart binne die drie jaar-kategorie gekom het en daardeur as 'n likwiede bate begin tel het nie.

Ondanks die bogenoemde afname in hul likwiditeitsverhouding het die handelsbanke as groep oor hierdie hele tydperk voortgegaan om aansienlike bedrae aan *oorskot* likwiede bates, d.w.s. bo en behalwe die wetlike minimum daarvan, aan te hou. Selfs indien in aanmerking geneem word dat die minimumverhoudings van die likwiede bates wat die handelsbanke teenoor hul kort- en middeltermynverpligtings moet aanhou vanaf ongeveer 21 April (die datum van sertifisering van die maandopgawe vir 31 Maart) met 4 persent, d.w.s. tot 34 en 24 persent onderskeidelik, verhoog is, het die *oorskot* likwiede bates van die banke daardeur slegs vanaf R144 miljoen of 7.8 persent van hul *totale* verpligtings teenoor die publiek aan die einde van Januarie tot R98 miljoen of 5.1 persent van hierdie verpligtings aan die einde van April afgeneem. Aangesien die handelsbanke na die mening van die Reserwebank hierdeur nog oormatige geleenthede tot verdere kredietskepping oorgehou het, is die likwiditeitsvereistes daarna verder verhoog, soos later in groter besonderhede uiteengesit sal word.

#### *Verdere toename in aksept van aksepbanke*

Behalwe die voortgesette uitbreiding van handelsbankkrediet aan die private sektor, het die



aksepte van aksepbanke, wat gedurende 1964 alreeds met R46 miljoen of 52 persent toegeneem het, gedurende die eerste vier maande van 1965 met 'n verdere R15 miljoen of 11 persent tot 'n totaal van R150 miljoen aan die einde van April toegeneem. Vanweë 'n vermindering in die bedrag aan daggeld wat op die geldmark beskikbaar was, het die diskontohuise, soos later in groter besonderhede aangedui sal word, egter toenemende moeilikheid ondervind om al die aksepte wat aan hulle aangebied is te verdiskonter.

Die aksepbanke het self gedurende die eerste kwartaal van 1965 gemiddeld heelwat meer aksepte in besit gehad as gedurende die voorafgaande kwartaal en gedurende April hul besit daarvan verder vermeerder tot ongeveer R43 miljoen aan die einde van die maand, vergeleke met slegs R22 miljoen aan die einde van Desember 1964.

Die deposito's by die aksepbanke het gedurende die eerste vier maande van 1965 rondom R100 miljoen geskommel maar het onder die hoogtepunt van R110 miljoen wat aan die einde van Mei 1964 bereik is, gebly.

#### *Huurkoop-, spaar- en algemene banke*

Nadat dit gedurende die derde en vierde kwartale van 1964 met onderskeidelik R47 miljoen en R114 miljoen gestyg het, het die totale deposito's by die „huurkoop-“, „spaar-“ en „algemene banke“ gesamentlik gedurende die eerste kwartaal van 1965 verder toegeneem met ongeveer R70 miljoen. Van hierdie totaal het nie minder nie as R38 miljoen na die filiale van handelsbanke geaan wat R33 miljoen van hierdie fondse by óf

hulle „moeder“-banke óf by die Nasionale Finansiekorporasie en ander bankinstellings herbelê het.

Die totale hoeveelheid ekstra krediet wat gedurende die eerste kwartaal van 1965 deur al hierdie instellings verleen is, was klein in vergelyking met dié van die handelsbanke en het net meer as R30 miljoen bedra, waarvan ongeveer die helfte uit huurkoopfinansiering bestaan het en die res uit „ander lenings“, insluitende verband- en persoonlike lenings.

Dit is verder betekenisvol dat die grootste deel van die totale toename van R70 miljoen aan deposito's by huurkoop-, spaar- en algemene banke uit „langtermynverpligtings“ bestaan het. d.w.s. uit verpligtings wat ná verstryking van ten minste ses maande betaalbaar is of onderhewig is aan ten minste ses maande kennisgewing voor dat hulle betaalbaar word. Aangesien dit twyfelaarig is of hierdie langertermyndeposito's in die lig van die nuwe wetlike beperkings op die vroeë terugbetaling van vaste en kennisgewingdeposito's met reg as plaasvervangers vir geld of „kwasi-geld“ beskou kan word, wil dit voorkom asof 'n aansienlike deel van die ekstra fondse wat deur hierdie instellings gemobiliseer is, egte besparings van die publiek verteenwoordig het. Heeltemal afgesien van die feit dat die ekstra krediet wat deur hierdie instellings verleen is aansienlik minder was as dit wat deur die handelsbanke toegestaan is, wil dit dus voorkom asof die inflasionistiese betekenis van eersgenoemde minder was as dié van laasgenoemde wat, soos vroeër reeds genoem is, die skepping van nuwe geld en kwasi-geld behels het. Daar was egter individuele algemene banke wie se geld- en kwasi-gelddeposito's merkbaar toegeneem het in verhouding tot hul „langtermynverpligtings“.

Onder andere as gevolg van hierdie uitbreiding van krediet en van die tekort op die betalingsbalans, het die betreklike likwiditeitsposisie van die meeste van hierdie bankinstellings in die loop van die eerste vier maande van 1965 verswak<sup>1</sup>. Aan die ander kant het die meeste van hulle aangehou om groot oorskotbedrae aan „voorgeskrewe beleggings“ aan te hou, d.w.s. likwiede bates plus ander „veilige“ bates soos langtermyn-staatseffekte en effekte van munisipaliteite en openbare nutsbedrywe.

1) Alhoewel bankinstellings wat nie handelsbanke (of diskontohuise) is nie, tot aan die begin van 1966 nie wetlik verplig is om aan óf die normale óf die aanvullende likwiede bate vereistes waarvoor in die nuwe Bankwet voorsiening gemaak is, te voldoen nie, is hulle op 5 Maart uitdruklik deur die Minister van Finansies versoek om hulle vrywilliglik te onderwerp aan die hoér likwiditeitsvereistes wat op die handelsbanke toegepas sou word.

## Afname in daggeld by die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie

Hoofsaaklik as gevolg van die aanhoudende tekort op die betalingsbalans, het daggeld by die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie, wat gedurende 1964 per saldo betreklik weinig verandering getoon het, vanaf R283 miljoen aan die einde van die vorige jaar tot R223 miljoen aan die einde van April gedaal. Laasgenoemde syfer verteenwoordig die laagste peil vir 'n maand-einde wat sedert Augustus 1961 bereik is.

Gedurende dieselfde tydperk het die diskontohuise se besit aan bankaksepte vanaf R96 miljoen na R83 miljoen verminder, wat, gesien die aansienlike verdere toename in die aanbod van aksepte gedurende hierdie vier maande, 'n verdere afname in die deel van totale aksepte wat deur diskontohuise gehou is, beteken het, naamlik vanaf 71 persent soos aan die einde van Desember 1964 tot 56 persent aan die einde van April 1965.

Aan die einde van Maart het die diskontohuise meer as vier maal soveel aksepte as skatkiswissels in besit gehad, maar aan die einde van April het hierdie verhouding ietwat ten gunste van skatkiswissels verander.

## Toename in Reserwebankkrediet

Hoofsaaklik ten gevolge van die betalingsbalanstekort en die verskuiwing van belasting- en ander fondse na die Regeringsektor het die beroep om finansiële akkommodasie wat op die Reserwebank gedoen is, gedurende die eerste kwartaal van 1965 aansienlik toegeneem en het die Bank se totale diskonteringe, voorskotte en beleggings vanaf R132 miljoen aan die einde van Desember 1964 tot R216 miljoen aan die einde van Maart 1965 vermeerder. Gedurende April en Mei het die totale Reserwebankkrediet, ondanks die opvallende ommeker van die verskuiwing van fondse na die Regeringsektor, met slegs R44 miljoen tot R172 miljoen aan die einde van Mei afgeneem, in vergelyking met R60 miljoen 'n jaar tevore.

## Korttermynrentekoerse

Gedurende die grootste deel van die eerste kwartaal van 1965 het korttermynrentekoerse oor die algemeen 'n duidelike opwaarste neiging getoon. Die skatkiswissel-tenderkoers het byvoorbeeld vanaf 3.63 persent aan die einde van 1964 tot 4.11 persent op 26 Maart toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van (1) die aanhoudende daling in die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserves, (2) die seisoensverskuiwing van fondse na die Regeringsektor en (3) toenames in die bedrag aan skatkiswissels wat by die weeklikse tender aangebied is. Terselfdertyd het verandering in die vraag na en die aanbod van uitleenbare fondse, wat uit die inflasionistiese neigings

in die volkshuishouding en die betalingsbalanstekort voortgevloeи het, onder die verskillende bankinstellings skerp mededinging om fondse laat ontstaan en dit het op sy beurt tot taamlik aansienlike stygings in deposito- en uitleenkoerse aanleiding gegee.

Vanaf die 22ste Maart het die monetêre owerheid egter 'n stel maksimum-depositokoerse aan bankinstellings en bouverenigings opgelê<sup>1</sup> wat in baie gevalle laer was as die koerse wat in daardie stadium werklik betaal is.

Gedurende die daaropvolgende ses weke het die skatkiswissel-tenderkoers, ondanks die aansienlike tekort op die betalingsbalans, verder vanaf 4.11 persent op 26 Maart tot 3.84 persent op 7 Mei afgeneem voordat dit weer tot 4.01 persent of 11 Junie gestyg het. Die faktore wat tot hierdie tydelike daling bygedra het, het ingesluit (1) die terugkeer van fondse van die Regering na die private sektor wat vroeër reeds bespreek is, (2) 'n vermindering van die bedrag aan skatkiswissels wat weekliks by die tender aangebied is en (3) sporadiese skerp-mededingende tenders van buite die geldmark.

## KAPITAALMARK

### Nuwe uitgifte van bemarkbare effekte

Die vraag na kapitaal het gedurende die eerste vier maande van 1965 op 'n relatief hoë peil gebly. Netto nuwe uitgifte van bemarkbare effekte deur die privaatsektor, openbare korporasies en plaaslike owerhede het gedurende die eerste kwartaal R62 miljoen beloop teenoor R66 miljoen en R71 miljoen gedurende die derde en vierde kwartale van 1964 onderskeidelik, en het gedurende April en Mei aansienlik gebly. Hierbenewens het netto uitgifte van bemarkbare staatseffekte gedurende die eerste kwartaal die hoë bedrag van R95 miljoen beloop, wat feitlik 'n verdubbeling van die kwartaallikse gemiddelde vir 1964 is.

### Verdere styging gevolg deur 'n afname in aandelepryse

Ten spyte van die voortgesette hoë peil van nuwe uitgifte het die indeks (1958=100) van nywerheids- en handelsaandelepryse vanaf 257 in Desember 1964 tot 278 in Februarie 1965 toegenem, om sodoende die vorige hoogtepunt van 273 wat in April 1964 bereik is, te oortref. Die gemiddelde opbrengs op hierdie aandele, wat 'n merkbare opwaartse neiging sedert April verlede jaai vertoon het, het dienooreenkomsdig weer afgegneem, naamlik vanaf 5.28 in Desember na 5.17 in Februarie. Dit wil egter voorkom asof die

1) Sien die Maart-uitgawe van hierdie *Kwartaalblad*, p. xl.

trant van die mark daarná ietwat verander het namate die omvang van die agteruitgang van die betalingsbalans meer bekend geword en die monetêre owerheid maatreëls tot herstel afgekondig het, en die indeks van nywerheids- en handelsaandelepryse het toe geneig om te daal, terwyl die gemiddelde opbrengs op hierdie aandele opwaarts begin beweeg het.

As gevolg van, onder ander, 'n verhoogde buitelandse vraag na Suid-Afrikaanse goudmynaandele, het die indeks van goudmynaandelepryse verder gestyg vanaf 134 in Desember 1964 tot 149 in Maart, voordat dit weer effens tot 143 in Mei gedaal het. Die gemiddelde opbrengs op hierdie aandele het dienooreenkomsdig van 6.7 persent in Desember tot 6.4 persent in Mei gedaal.

#### *Verdere opwaartse druk op die rentekoerse op prima-effekte*

In die mark vir prima-effekte het die onderliggende vraag- en aanbodtoestande voortgegaan om gedurende die eerste vyf maande van 1965 opwaartse druk op die rentekoerse uit te oefen, en nadat hy sy stel rentekoerse vir staats-effekte met 0.25 persent op 8 Desember verhoog het, het die Reserwebank gedurende hierdie tydperk twee verdere verhogings van dié stel aangebring, naamlik met 0.30 persent op 5 Maart (gelyktydig met die verhoging van die bankkoers na 5 persent) en met 'n verdere 0.25 persent op 29 April, wat die koers vir effekte met 'n uitslpende looptyd van langer as  $10\frac{1}{2}$  jaar op  $5\frac{1}{2}$  persent te staan bring het. Ten tye van laasgenoemde verhoging is die opbrengs tot verval datum op effekte met looptye van meer as drie jaar maar minder as drie-en-'n-half jaar egter onveranderd op  $4\frac{1}{2}$  persent gehou, met die gevolg dat die verhouding tussen die koerse van die verskillende looptye effens verander is.

#### *Abnormale vraag na bouvereniginglenings*

Gedurende die eerste kwartaal van 1965 het bouverenigings weer 'n buitegewone toename in die vraag na hulle verbandlenings ondervind, wat nie ten volle deur die invloeiing van nuwe fondse bevredig is nie. Terwyl hulle verbande en ander lenings dus verder met R42 miljoen toegeneem het, vergeleke met R52 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1964, het hulle aandekapitaal en deposito's met slegs R27 miljoen toegeneem, teenoor R37 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. Gedurende hierdie tydperk moes hulle gevoleklik hul beleggings, kontant en deposito's met ongeveer R26 miljoen verminder.

Hierdie ondervinding van die bouverenigings dien as 'n verdere aanduiding dat toestande in die kapitaalmark oorspanne geword het as gevolg van

die merkbare neiging vir binnelandse beleggingsbesteding om binnelandse besparing te oorskry.

#### *Versekeringsorganisasies*

Gedurende die eerste kwartaal van 1965 het die versekeringsorganisasies se netto belegging in effekte van die private sektor (uitsluitende aandele van filiaalmaatskappye) met R5 miljoen toegeneem, vergeleke met R12 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. Terselfdertyd het hulle beleggings in aandele van filiaalmaatskappye en lenings (hoofsaaklik aan filiaalmaatskappye) met R13 miljoen toegeneem, teenoor R14 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1964, terwyl die netto toename in hulle verbandlenings R4 miljoen beloop het, verleke met R8 miljoen gedurende die vorige kwartaal. Hierbenewens het hulle 'n verdere netto bedrag van R2 miljoen in effekte van openbare korporasies belê, terwyl hulle beleggings in staats- en munisipale effekte weinig verandering getoon het.

### MONETÊRE BELEID

Soos verwag is, was die verskeie disinflasioneertiese maatreëls wat op 5 Maart<sup>1</sup> deur die Minister van Finansies aangekondig is, insluitende die verhoging van die bankkoers met  $\frac{1}{2}$  persent tot 5 persent, die oplegging van bykomstige likwiditeitsvereistes op handelsbanke gelyk aan 4 persent van hul kort- en middeltermynverpligtings teenoor die publiek en 'n verhoging in die Reserwebank se stel rentekoerse vir staatseffekte, traag om hul invloed te laat geld. Soos vroeër gemeld, het handelsbankkrediet aan die private sektor, nadat dit met R97 miljoen gedurende die eerste kwartaal gestyg het, met 'n verdere R30 miljoen gedurende April toegeneem. Bowendien is die likwiditeitsposisie van die handelsbanke verhinder om verder gedurende Maart en April te versleg, nie slegs vanweë die feit dat die 1958/68 Regeringslening, soos vroeër gemeld, na die drie-jaar kategorie verskuif en sodoe "likwied" geword het nie, maar ook deur die aansienlike beweging van fondse vanaf die Regering- na die private sektor gedurende hierdie periode.

Om hierdie redes het die monetêre owerhede die likwiditeitsvoorskrifte ten opsigte van handelsbanke verder in drie stadiums verhoog, naamlik met 'n bykomstige 2 persent teenoor sowel kort- as middeltermynverpligtings met ingang vanaf ongeveer 21 Mei (die datum van sertifisering van die maandelikse opgawe soos op 30 April), met 'n verdere 2 persent vanaf ongeveer 21 Junie en 'n finale 2 persent met ingang vanaf ongeveer 21

1) Sien die Maart-uitgawe van hierdie *Kwartaalblad*, pp. xxxvi-xxxix.

Julie. Dit beteken dat die minimum likwiditeitsverhoudings teen die laasgenoemde datum tot die maksimum van 40 en 30 persent onderskeidelik vir kort- en middeltermynverpligtings verhoog sal wees.

Daarbenewens, soos deur die Minister van Finansies op 5 Maart in die vooruitsig gestel, het die Reserwebank onlangs begin met die kwotering van boetekoerse vir akkommodasie aan sekere bankinstellings wat na sy mening krediet oormatig en/of vir nie-noodsaaklike doeleindes verleen het.

Soos vroeër gemeld, het die Reserwebank ook sy stel rentekoerse vir staatseffekte met sekere loop-tye met 0.25 persent op 29 April verhoog. Dit is gedoen as erkenning van veranderings in die vraag en aanbodverhouding in die mark vir prima-effekte en om die verkoop van medium- en langtermyn prima-effekte deur bank- en ander finansiële instellings, met die oog op die uitbreiding van krediet aan die private sektor, te ontmoedig.

Depositokoerse het vasgeper gebly op die koerse wat op 19 Maart vasgestel is, behalwe vir klein wysigings met die doel, byvoorbeeld, om die omskrywing van rente op te klaar en om voorsiening te maak vir die betaling van kommissie deur alle bankinstellings, uitgesonderd handelsbanke (wat wetlik verbied word om deur agente te werk), en nie slegs deur bouverenigings soos oorspronklik toegelaat is nie.

In die algemeen het dit die amptelike monetêre beleid gebly om die natuurlike disinflasjonistiese krakte wat deur die betalingsbalanstekort inwerk, te versterk deur maatreëls gemik op die verhoging van die koste van krediet, die beperking van die koers van toename van krediet en die verlaging van die uitermate hoë verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto volksproduk. Hierdie stappe sal, na verwagting, meewerk om die koers van toename in totale binnelandse belegging en verbruik te verlaag tot 'n peil meer in verhouding tot die koers van toename in die reële bruto volksproduk en sodende die druk op sowel die binnelandse pryspeil as die betalingsbalans verlig.

*Indekse — Seisoensveranderings uitgesluit (1958 = 100)*

	1964				1965	
	1ste Kw.	2de Kw.	3de Kw.	4de Kw.	1ste Kw.	Apr.
Bankdebiteringe	207	213	204	204	222	....
Diskonteringe en voorskotte van handelsbanke	141	152	164	182	194	....
Effektebeursomset	374	357	271	250	239	....
Nywerheidsproduksie	152	159	163	165	....	....
Waarde van goudproduksie	173	177	183	188	185	188
Waarde van invoer	128	135	145	152	148	168
Waarde van uitvoer	134	132	127	138	131	129
Spoorweginkomste	149	148	149	153	158	....
Waarde van kleinhandelsverkope	121	125	131	134	132	....
Waarde van eiendomstransaksies	189	214	233	251	....	....
Waarde van bouplanne goedgekeur	179	185	209	219	273	....
Werkgeleentheid:						
Private fabriekswese	124	127	130	132	....	....
Private konstruksie	121	122	125	127	....	....
Mywese	110	111	112	112	109	....
Werkloosheid	95	81	73	66	63	....

## QUARTERLY ECONOMIC REVIEW

### SUMMARY AND CONCLUSIONS

- (1) During the first four months of 1965, the total monetary demand for goods and services in South Africa continued to rise at an excessive rate, so that the seasonally adjusted wholesale and consumer price indices increased further and considerable pressure was again brought to bear on the balance of payments on current account.
